



PRO VERITATE

EDITORIAL

Confrontation and Evasion

ANTHONY MABONA

Africanisation of the Church

PETER RANDALL

Capital Punishment needs Abolishing

THOMAS STRANSKY

Ecumenism is for Mission

BEYERS NAUDE

Progress towards Justice and Peace

AMERICAN SURVEY

Seminarians seek new life styles

Registered at the Post Office as a Newspaper
By die Hoofposkantoor as Nuisblad geregistreer

PRO VERITATE

EDITORIAL

EDITOR:

Dr. W. B. de Villiers (*Acting*).

EDITORIAL COMMITTEE:

Bishop B. B. Burnett; the Rev. J. de Gruchy; the Rev. A. W. Habelgaarn; the Rev. E. E. Mahabane; Mr. J. E. Moulder; the Rev. C. F. B. Naudé (*Chairman*); Prof. Dr. A. van Selms.

ADMINISTRATION/ CORRESPONDENCE

CIRCULATION MANAGER:

Dr. W. B. de Villiers.

All letters to the editor and administration to: P.O. Box 31135, Braamfontein, Transvaal.

SUBSCRIPTION

Subscription payable in advance.

Land and sea mail:

S.A.—R1 (10/- or \$1.40).

Africa — R1.50 (15/- or \$2.10).

Overseas — 17/6 (United Kingdom).

Airmail:

S.A.—R2 (£1 or \$2.80).

Africa — R3.50 (£1.17.6 or \$5).

Overseas—£2 (United Kingdom).

Cheques and postal orders to be made payable to Pro Veritate (Pty.) Ltd., P.O. Box 31135, Braamfontein, Transvaal.

PLEASE NOTE

The Editorial staff of Pro Veritate are not responsible for opinions and standpoints which appear in any article of this monthly other than those in the editorial and editorial statements.

PRO VERITATE appears on the 15th of every month.

(Price per single copy 10c).

Printed by Prompt Printing Co. (Pty.) Ltd., 11 Harris Street, Westgate, Johannesburg.

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

IN THIS ISSUE . . .

- Dr. A. D. Mabona, lecturer at St. Peters Seminary, Hammanskraal, introduces a discussion on Africanisation of the Church p. 3
- Mr. Peter Randall, director of Spro-cas, argues for and recommends steps towards the abolition of capital punishment p. 5
- A survey of American theology students' opinions regarding religion and society, covers their views on experimental life-styles p. 7
- Prof. B. B. Keet continues his column on the Church outside South Africa p. 8
- Fr. Thomas Stransky, of the Vatican Secretariat for Christian Unity, recently visited South Africa. He offers a programme of ecumenical priorities for the Christian Mission of Africa p. 9
- Ds. Beyers Naudé explains the need for awareness of and action towards peace and justice in South Africa and explains recent world developments p. 12

IN HIERDIE UITGAWE . . .

- Dr. A. D. Mabona, lektor te St. Peters Kweekskool, Hammanskraal, lei 'n bespreking in oor die „Africanisation" van die Kerk bl. 3
- Mnr. Peter Randall, direkteur van Spro-cas, argumenteer en beveel stappe aan vir die afskaffing van die doodstraf bl. 5
- 'n Opname van Amerikaanse teologiese studente se opvattinge oor godsdeins en gemeenskap, insluitende hulle uitkyk op eksperimentele lewenswyses bl. 7
- Prof. B. B. Keet skryf verder oor die Kerk buite Suid-Afrika bl. 8
- Vr. Thomas Stransky van die Vatikaanse Sekretariat vir Christelike Eenheid het onlangs Suid-Afrika besoek. Hy bied 'n program vir ekumeniese prioriteite vir Christelike Sending in Afrika aan bl. 9
- Ds. Beyers Naudé verduidelik die behoefte aan in gewaarwording aan en aksie tot vrede en regverdigheid vir Suid-Afrika en wys op teenswoordige ontwikkelinge in die buite wêreld bl. 12

Inleidingsartikel:

KONFRONTASIE EN ONTWYKING

Gedurende die afgelope dae was verteenwoordigers van drie Suid-Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis in warm — soms heftige — diskussie gewikkel met Sinodale afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerk van Nederland te Lunteren. Volgens die persberigte was dit 'n duidelike konfrontasie tussen die twee groepe o.a. die houding van die Afrikaanse kerke insake die rassevraagstuk in ons land en oor die Christelike Instituut. Die uitvloei-sel daarvan was o.a. dat die Sinode sy goedkeuring gegee het aan die besluit oor die verwerping van rassediskriminasie in die algemeen wat in 1968 deur die Gereformeerde Ekumeniese Sinode geneem is met nie-aanvaarding van die meer radikale voorstel waarin apartheid as sodanig veroordeel word. Die Sinode het ook volgens persberigte, besluit om die besorgdheid van die Gereformeerde Kerke aan die Suid-Afrikaanse susterkerke oor te dra oor die gevaar van toe te laat dat politieke en maatskaplike oorweginge hulle studie van die Heilige Skrif beïnvloed en om te waak daarteen om gelei te word deur die idee dat rassesuiwerheid in ooreenstemming met die Skrif sou wees. 'n Eksplisiete veroordeling van apartheid het dus nie geskied nie, heelwaarskynlik omdat die vergadering, na die reguit praat in kleiner kringe, nie iets wou doen wat die moontlikheid van die voortsetting van die kerklike gesprek kon verongeluk nie. Die weg van oorreding is dus verkies bo die weg van veroordeling en verwerping en daaroor is ons opreg dankbaar, mits die kerke in Suid-Afrika dit net nie verkeerdelik gaan interpreteer as 'n „groot sege” vir apartheid nie.

Die Sinode het ook die verhouding van die N.G. Kerk tot die Christelike Instituut bespreek en in die loop van 'n debat wat soms heftige emosionele reaksie van sommige Suid-Afrikaanse afgevaardigdes uitgelok het, is ernstige beskuldigings teen die Christelike Instituut en sy direkteur gedoen wat beslis nie onbeantwoord gelaat kan word nie. Dr. J. S. Gericke het byvoorbeeld die valse vergeliking gemaak van die Christelike Instituut as 'n „afgeskeie groep” terwyl dr. J. D. Vorster, die Actuaris van die N.G. Kerk, argwaan teen die Christelike Instituut wou opwek deur sy beskuldiging van twyfelagtige hantering van fondse ten bate van die Onafhanklike Bantoekekerke en deur 'n valse voorstelling rakende die verlies van predikantstatus van ds. C. F. B. Naudé. Die Christelike Instituut sal eersdaags 'n volledige verklaring oor bogenoemde sake aan die Gereformeerde Kerk uitreik met staving van feite waarvan drs. Gericke en Vorster bewus was of moes wees toe hulle hierdie ongegronde aantygings teen die Christelike Instituut gedoen het.

Dr. J. S. Gericke, die Moderator van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk, het verder, volgens twee koerantberigte van 4 en 5 Maart (een 'n Suid-Afrikaanse middagblad en die ander 'n Nederlandse koerant) aan dr. W. B. de Villiers van die Christelike Instituut die aanbod gemaak tot samesprekinge met die Christelike Instituut, maar in 'n onderhoud met 'n Afrikaanse Sondagkoerant het hy ontken dat so 'n aanbod gedoen is. Op Maandag, 9 Maart is 'n

Editorial:

CONFRONTATION AND EVASION

During the last few days representatives of three South African churches of reformed confession found themselves in sometimes heated discussion at Lunteren with synodal delegates of the Reformed Church of the Netherlands. According to press reports there was a clear confrontation between the two groups over the attitude of the Afrikaans Churches to both the race question in our country and the Christian Institute. In consequence the Synod gave its approval to the decision taken by the Reformed Synod in 1968 to reject racial discrimination in general without accepting the more radical proposal in which apartheid as such was condemned. According to press reports the Synod also decided to convey its concern to its sister churches in South Africa about the danger of allowing political and social considerations to influence their study of the Scriptures and to guard against being led by the idea that racial purity could be reconciled with the Scriptures. There was not an explicit condemnation of apartheid probably because the meeting, after the direct talking in small groups, did not wish to do anything that would sever the possibility of a continuance of the dialogue between the churches. The way of persuasion was preferred to that of judgment and rejection. We are grateful for this provided the South African Churches do not interpret this as a "great triumph" for apartheid.

The Synod also discussed the relationship of the N.G. Kerk to the Christian Institute. In the course of a discussion that sometimes evinced strong emotional responses from some of the South African delegates serious accusations were made against the Christian Institute and its Director that cannot remain unanswered. For example, Dr. J. S. Gericke made the false comparison of the Christian Institute with a "seceded group" while Dr. J. D. Vorster, the Actuary of the N.G. Kerk, sowed suspicion against the Christian Institute by his accusation of dubious handling of funds of the African Independent Churches and by a false proposition concerning the withdrawal of ministerial status of Ds. C. F. B. Naude. The Christian Institute will shortly issue a detailed declaration to the Reformed Church of the Netherlands concerning the above matters with proof of facts about which Drs. Gericke and Vorster are aware or should have been when they made these groundless accusations.

According to two newspaper reports of 4th and 5th March (one a South African afternoon paper and the other a Dutch paper), Dr. J. S. Gericke, the Moderator of the General Synod of the N.G. Kerk has in addition made an offer to Dr. W. B. de Villiers, of the Christian Institute, to have discussions with the Christian Institute. But in an interview with an Afrikaans Sunday paper he has denied this. On Monday, 9th March, we received a cablegram from Dr. de Villiers from the Netherlands, in which he confirms: "Sinode het formeel kennis geneem onder-neming N.G.K. te onderhandel C.I.". ("Synod has

kabelgram van dr. de Villiers uit Nederland ontvang waarin dr. de Villiers bevestig: „Sinode het formeel kennis geneem onderneming N.G.K. te onderhandel C.I.“

Dr. Gericke beweer in sy onderhoud met die Sondagblad dat hy geen sodanige aanbod gedoen het nie aangesien hy „mnr. Naudé by drie geleent-hede ‚hartlik uitgenooi‘ het om te kom gesels“. Die uitnodiginge sou gerig gewees het deur dr. F. E. Geldenhuys, swaer, en ds. J. F. Naudé, broer van die direkteur. Die direkteur het in dieselfde blad verklaar dat hy van geen sodanige uitnodiging bewus is nie en sy persoonlike navraag by bogenoemde twee familieleden het bevestig dat dr. Gericke geen sodanige uitnodiging tot 'n gesprek tussen die N.G. Kerk en die Christelike Instituut gerig het nie, maar alleen sy spyt te kenne gegee het oor die feit dat Beyers Naudé „uit die Kerk“ is en dat hy graag sou sien dat hy weer terugkeer.

Ons sit hier dus met 'n ernstige teenstrydigheid: die Gereformeerde Kerk in Holland het formeel kennis geneem van die N.G. Kerk se onderneming tot sodanige gesprek, terwyl dr. Gericke dit subiet ontken. Dit kan nie anders as om die indruk te skep dat leiers van die N.G. Kerk bereid is, wanneer hulle oorsee gekonfronteer word, om sekere beloftes te doen ten einde sodoende die kritiek van susterkerke se lidmate af te weer, maar dat hulle daarna angvallig die verantwoordelikheid probeer ontwyk om hulle eie lidmate in Suid-Afrika wat aan die Christelike Instituut behoort te woord te staan. Die eer van die N.G. Kerk vereis dat aan sowel die Gereformeerde Kerk in Nederland as aan die Christelike Instituut duidelik gesê word wat presies gebeur het en dat dit bevestig word. Anders is die gevolgtrekking gewettig dat die N.G. Kerk 'n ontmoeting met die C.I. vrees en dus probeer vermy.

Tydens die Sinode is daar ook verwys na 'n brief van die N.G. Kerk van Noord-Transvaal wat handel oor die optrede van Hollandse sendingwerkers op sendingstasies van die N.G. Kerk in Suid-Afrika. Die kort beriggie oor die inhoud van dele van die brief (as dit korrek weergegee is) vereis dat dit in sy geheel bekend gestel moet word om ernstige misverstand by predikante en lidmate van die twee dogterkerke van die N.G. Kerk te voorkom en om te help aandui waarom die C.I. so besorgd is oor kerklike apartheid en die ernstig nadelige gevolge wat dit vir die koninkryk van God in ons land kan hê. Het dit dan nie ons broers van die N.G. Kerk in Nederland getref dat dit juis 'n Bantoeleraar van die N.G. Kerk van Zambië (ds. Jackson G. Phiri) wat volgens 'n Nederlandse koerant by Lunteren gesê het: „In Suid-Afrika heers geen gemoedsrus nie, maar 'n deur wapens afgedwonge rus. Wat moet ons doen, vra ek u, om 'n bloedbad te voorkom?“ En wie so 'n uitroep beluister teen die agtergrond van die waarskuwing wat biskop K. F. W. Scharf, biskop van die Evangeliese Kerk van Berlyn-Brandenburg verlede week in Suid-Afrika uitgespreek het oor die toenemende rassspanning oor die hele wêreld, moet dankbaar wees dat die Christelike Instituut van die oë van almal in Suid-Afrika wil open vir die ramspoedige gevolge van 'n kerklike en staatkundige beleid wat daarop bereken is om die skeiding tussen mens en mens en tussen Christen en Christen steeds groter en groter te maak.

formally taken notice of undertaking of N.G.K. to negotiate with Christian Institute.“)

Dr. Gericke maintains in his interview with the Sunday newspaper that "Mr. Naude was invited on three occasions to talks". These invitations were to have been made through Dr. F. E. Geldenhuys, brother-in-law, and ds. J. F. Naude, brother of the Director. The Director declared in the same newspaper that he knew of no such invitation and on inquiring from his brother-in-law confirmed that Dr. Gericke made no such invitation for a discussion between the N.G. Kerk and the Christian Institute but only expressed his regret that Beyers Naude has "left the church" and that he would like him to return.

We have here then a serious contradiction; the Reformed Church in the Netherlands has formally taken notice of the undertaking of the N.G.K. to a discussion while Dr. Gericke immediately denies it. It can only give the impression that leaders of the N.G. Kerk are willing, when confronted overseas, to make certain promises in order to prevent criticism from members of sister churches, but they are then anxious to evade the responsibility of giving a hearing to their own members in South Africa who belong to the Christian Institute. The honour of the N.G. Kerk demands that it be clarified both for the Reformed Church in the Netherlands and the Christian Institute precisely what happened and that this should be confirmed. Otherwise it can be legitimately concluded that the N.G. Kerk fears a meeting with the Christian Institute and hence tries to avoid it.

During the Synod reference was also made to a letter from the N.G. Kerk of the Northern Transvaal that treated of the actions taken by Dutch missionaries on mission stations of the N.G. Kerk in South Africa. The short report about the contents of parts of the letter (if indeed it is a correct reflection) demands that it be made known in its entirety in order to prevent serious misunderstandings between ministers and members of the two daughter churches of the N.G. Kerk. It will also help clarify why the Christian Institute is so concerned about apartheid in the church and the serious disadvantageous consequences that it can have for the Kingdom of God in our land. Did it not strike our brothers in the N.G. Kerk in the Netherlands that it was an African minister of the N.G. Kerk in Zambia (Ds. Jackson G. Phiri) who, according to a Dutch newspaper said in Lunteren: "In South Africa there is no peace of mind, but a peace enforced by weapons. I ask you: what must we do to prevent a blood-bath?"

And whoever hears such a call against the background of the warning given last week in South Africa by Bishop K. F. W. Scharf, of the Evangelical Church of Berlin-Brandenburg about the increasing racial tension throughout the world, should be grateful that the Christian Institute wants to open the eyes of all in South Africa to the disastrous consequences of a church and state policy that is calculated to progressively widen the separation between man and man and Christian and Christian.

(C. F. B. Naudé —

Direkteur, Christelike Instituut van Suider-Afrika)

AFRICANISATION OF THE CHURCH

—BY A. D. MABONA

In the last 70 years the Christian population in Africa increased from four million to 97 million and conservative projections estimate the figure to be 350 million by the year 2000.

In South Africa the 1960 census revealed 7.5 million black Christians (five million in the historic churches and 2.5 million in the Independent churches) and three million white Christians. Apart from the members of the Independent churches, African Christians have either not made or not been given the opportunity to make significant contributions to theology, worship, church government, and church policy in the churches in South Africa.

Last month, five Roman Catholic priests made public their needs as African priests. In their manifesto, which they released through the secular press, they also called for Africanisation of the Church.

In response, **Pro Veritate** invited the Rev. Dr. A. D. Mabona, one of the signatories, to introduce a discussion on the topic of Africanisation. We hope that this will encourage further debate in our columns and elsewhere such that we may all discover the meaning and implications of Africanisation of the Church of Christ in South Africa and then explore methods of implementing them.

AFRICANISATION AS NEED

The term Africanisation has been used in political discourse to indicate the appointment of native Africans to key positions in the system of civil administration especially in the newly independent countries. A similar term is localisation.

The need for Africanisation in civil life has been felt not only in the political but also in the cultural sphere. In the latter sphere Africanisation has also come to be known as indigenisation and has entailed a greater use of African vernacular languages in the schools or even the adoption of such vernaculars as official languages. Through the impact of this movement, art forms both plastic (sculpture, architecture) and choreographic (music, dance) have been modified

to suit traditional standards. The new spirit has been reflected also in the fields of literature. Africanisation or indigenisation then seems to be a "taking over" of authority, responsibility and initiative by people of native African origin in the political and cultural life of their nations or communities.

The term indigenisation has also been used by the churches especially to signify the adoption of African art forms in worship. To my knowledge the word Africanisation has traditionally not been used by the churches. The Roman Catholic Church has in its official documents spoken of autochthonous clergy and religious. Thus in terms of the use of native African personnel, the churches have spoken of indigenisation and autochthony. In the field of worship which involves cultural and religious elements they have mostly used the terms adaptation and indigenisation.

It can be said here at once that the term Africanisation rings an urgent note of the immediacy of a programme whereas indigenisation and adaptation are terms with an abstract, theoretical bias. In fact the churches in almost all the open discussions on the subject have concentrated upon the latter two terms, their connotation, and implications. This has become a regular but almost purely academic exercise except perhaps in the field of music. Let it also be said in the interests of fairness that an autochthonisation of teaching, preaching, and praying has been taking place in the form of more European missionaries trying better to master the native African languages and way of life and in the form of improved texts for worship.

AS PROGRAMME

In general, however, the churches do not seem to have taken Africanisation seriously as a programme. This haphazard, half-hearted approach is

not only proving inadequate and unsatisfactory but positively dangerous by rousing within the Christian community resentment and suspicions of unworthy motives. It is a truism that once a people or community realises that they have acquired sufficient capacity or resources to exercise certain areas of authority and responsibility by themselves then the basis of having those areas of authority or responsibility over them exercised by others has fallen and any continuance of such exercise becomes an imposition. Such imposition can be exercised only through moral or physical violence, because by definition it is never freely accepted by the people over whom it is exercised.

As for adaptation or indigenisation, it has been realised that it is not the Word of God which has to be adapted to a culture or religion but it is the cultural-religious forms of a people that have to be penetrated by the Word of God and hence imbued with His Spirit. It is bad theology to use Scripture to prove theses posed by the human mind; rather Scriptural themes are hermeneutically interpreted to enlighten a certain question or critical situation suggested or constructed by concrete historical circumstances.

In other words, the Word of God in our present existence is life for us and cultural-religious forms are only a means. There is no question therefore of adapting Christianity in its primitive sense of the Word of God in Christ to the religio-cultural forms of any particular people. It seems to be rather a question of the ways of life of all peoples being penetrated by the double-edged sword of the Word of God and being imbued with the Spirit of Christ.

It is legitimate to enquire how this can be done since Christianity has come to us clothed already in Western religio-cultural forms. This is a challenge to African Christian leaders. It is a challenge of courage and clear-mindedness on their part. It is a challenge of sincerity and co-operation on the part of their white colleagues and the rest of the white Christians. Christianity is already dressed in

Western robes, can't we all co-operate and clothe the Word of God in an African garb? Christianity should by definition be African in South Africa. Shall we leave this imminent fact in the realm of abstract realities?

This is not an emotional issue. The fact of the matter is that Western culture has wrought radical transformations in African society. Religio-cultural forms have changed. But the spirit of the original or traditional African culture and religion has been revived and, we hope, is being perfected in God's Power. If one listens, for instance, to township music with its perhaps brash courage, its nostalgic-tragic sensitivity, its communal-festive-liturgical appeal, one will feel how it calls for a human response in the rough-and-tumble, cruel conditions of township life.

In traditional society a sacral character was accorded to all those objects which were closely connected with man's vital needs. This was not a formulated concept but an attitude of behaving by which everything essentially connected with man's vital needs. This was not a formulated concept but an attitude of behaviour by which everything essentially connected with man's life and existence was treated with respect and, as it were, with a spirit of gratitude and solidarity. Thus a spiritual dimension was added to daily life and its apparent banalities.

AND ANCESTOR CULT

This attitude reached its depth in the feeling and behaviour towards

ancestors. Ancestor cult is deep and strong in all sections of the African community both rural and urban. It is ultimately based on the feeling of gratitude, solidarity, and human dependence.

I say human dependence advisedly, because, though we feel dependent also upon the things which essentially support our lives and existence, nevertheless our feeling of gratitude, solidarity, and dependence on our ancestors has understandably another dimension. Here there is participation, a two-way communication. Our mute co-beings, the natural objects, respond apparently only in mathematical terms to our overtures of feeling and action towards them, whereas in the case of our ancestors we have faith in a full, two-way communication on the same human level of sympathy, feeling and action. African spirituality seems to be based on the feelings of gratitude, of solidarity, and of universal participation or communion. I'm not trying to expound or defend a scientific thesis. These are just my general observations.

The above observations are also an indication of the lines along which I would move in seeking to formulate a living theology that would bear meaning in African society in terms of our traditional standards.

AS CHALLENGE

My conviction then is that indigenisation in the Church should be reduced from a theoretical problem to the concrete programme of Africanisation. This task is a challenge for

the whole Church, but one would expect it to be more deeply felt by responsible Christian native Africans.

If we believe that Christ is the Lord, then considerations of our weak and fragile position should not daunt us from facing any number of lions with gaping jaws or Goliaths on our path where we march in answer to His call. Many decisions will have to be made with soberness and foresight. The historic churches will probably have much to learn from the independent, pentecostal movements. The existing spirit of distrust should be exorcised and communication and dialogue should be established.

For more than three centuries the Word of God has been sown in this southern part of Africa; is perhaps the time not overdue that the action of the vivifying Spirit should be felt and manifested in our culture, in our religion, in our disposition of ecclesiastical administration with trust and confidence in new and unexpected ways. As long as this is done with fortitude in harmony and peace, there does not seem to be any reason for fear or misgiving.

Africanisation of the Church calls for a Church-wide dialogue, because so far the Church is westernised. Westernisation was an inevitable process, so is Africanisation which has apparently the advantage of taking place in what is called a sensate age. May the Almighty Father with His Son through the Spirit and all our Christian and non-Christian forbears guide us in this mighty task.

WE ARE FELLOW WORKMEN FOR GOD

This is the theme for the Week of Prayer for Christian Unity in 1970, and the same bible readings will be used throughout the world. For each day of the week a simple meditation is suggested, as well as subjects for prayer. These have to be in general terms, but you can make them more personal and particular. Pray for people known to you by name. Other suggestions may come to your mind, and you should pray as the Spirit leads.

It is suggested that the services include an act of commitment either to the cause of unity or to some particular local project, and it should involve every member of the congregation. Where possible, provision should be made for some opportunity for members to meet one another afterwards.

It is hoped that the idea of unity will be present in the eucharistic services that the different churches celebrate during the Week of Prayer for Christian Unity. Some may wish to include in the liturgy the prayer suggested in the leaflet or some adaptation of it.

The Week of Prayer for Christian Unity will be held this year in South Africa, as in the rest of the world: From 10th - 17th May.

Pamphlets are available in Xhosa, Zulu, Tswana, S. Sotho, Afrikaans and English. They cost R1.50 per 100. Orders should be placed early with:

The S.A. Council of Churches,
P.O. Box 31190,
Braamfontein,
Transvaal.

Die Doodstraf behoort afgeskaf te word

—deur PETER RANDALL

Alle gemeenskappe kom te staan voor die probleem van hoe om op te tree teen diegene wat die lewens van ander bedreig. Moordenaars, verkragters, ontvoerders, geweldadige diewe, saboteurs en verraaiers vorm 'n bedreiging vir die samelewing wat voldoende bestry moet word. Die eenvoudigste manier om teen mense op te tree wat hulle aan sulke misdade skuldig gemaak het, is om hulle dood te maak volgens die beginsel van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. 'n Verskeidenheid van metodes kan vir hierdie doel aangewend word: om 'n persoon op te hang (soos in Suid-Afrika); elektrokusie (soos in sommige state van die Verenigde State van Amerika); doodskiet (soos in Rusland, Algiers en Griekeland); onthoofding (soos in Frankryk en Suid-Vietnam) of verwurging deur middel van die wurgtou (soos in Spanje).

Die metodes verskil, maar die eindresultaat is dieselfde. Gedurende die afgelope twee eeue, egter, het regsgeleerdes, en veral kriminoloë, filosowe, en veral moraliste, politici, teoloë en sosiale hervormers besin oor die doel en waarde van die doodstraf. 'n Beweging is tans aan die gang dwarsdeur die lande wat hulleself beskou as deel van die „Westerse beskawing”, om die doodstraf af te skaf. Verlede jaar het die Britse regering die doodstraf permanent afgeskaf. Al die lande in Wes-Europa het dit reeds afgeskaf behalwe Frankryk en Spanje en dié lande waar dit behou word vir militêre misdade gedurende 'n oorlog. Buitekant Europa is die volgende lande afskaffers van die doodstraf: Kanada, Australië, Nieu-Zeeland, 13 state in die Verenigde State van Amerika, al die lande in Suid-Amerika (óf *de jure* of *de facto*), Senegal, die Ivoorkus, Dahomey en Gambia (almal *de facto*).

DIE TOESTAND IN SUID-AFRIKA

Alhoewel daar 'n beweging in die Weste is in die rigting van afskaffing van die doodstraf, of ten minste 'n beperking van die misdade wat met die dood strafbaar is, ontwikkel die toestand in Suid-Afrika op onrusbarende wyse in die teenoorgestelde rigting. Daar is ook nie 'n klimaat onder die leiers of die volk wat bevorderlik is vir 'n bewussyn wat sal lei tot die afskaffing van die doodstraf nie, terwyl daar 'n dramatiese uitbreiding was van die aantal misdade waar die doodstraf opgelê kan word.

Sedert 1917 is die doodstraf bevelend vir moord en toelaatbaar vir verkragting en hoogverraad. Sedert 1958 is die houe gemagtig om die doodstraf toe te dien vir roof, poging tot roof, huisbraak en poging tot huisbraak met die doel om 'n oortreding te begaan, waar verswarende omstan-

dighede voorkom in die pleging van hierdie misdade.

In 1962 het die Regering verreikende wysiginge aangebring aan die Strafwet deur middel van die Algemene Reg Wysigingswet (gewoonlik genoem die Sabotasiewet). Sabotase word in hierdie statuut baie wyd omskrywe. Daarby kan, in terme van hierdie wet, skuldigbevinding die doodstraf verdien en word daarbenevens die onus van onskuldbewysing op die beskuldigde geplaas (wat in sigself in stryd is met die konsep van die Regsorde soos dit gewoonlik in die Weste verstaan word).

In 1965 is verdere volmag aan die houe verleen om die doodstraf na goeddunke toe te dien vir kinderdiewery en ontvoering.

Die Wet op Terrorisme van 1967 het verdere misdade wat met die dood strafbaar is, geskep. Hierdie wet het drastiese inbreuk gemaak op die regsorde met sy retrospektiewe aard, sy wye definisies en die voorsiening wat gemaak word vir onbeperkte aanhouding vir ondervraging sonder toegang deur enigeen behalwe die Minister of 'n beampte van die Staat.

STATISTIEK

Die aantal persone wat in Suid-Afrika terdood veroordeel is, het gedurende die afgelope 20 jaar aanmerklik gestyg. Tussen 1911 en 1947 is minder as 25 persone per jaar opgehang. Vanaf 1948 tot 1966 het die getal gestyg tot meer as 66, terwyl dit tot meer as 89 gestyg het gedurende die dekade 1957-1966. In 1968 is 118 persone gehang. Daar word gemiddeld elke drie dae 'n persoon by die tronk in Pretoria opgehang.

Vanaf 1911 tot 1966 (insluitend) is 2,107 persone gehang. Die helfte van hierdie getal is gehang tussen 1953 en 1966. Die stelling is gemaak dat Suid-Afrika verantwoordelik is vir byna helfte van die wêreld se voltrekkings van die doodstraf.

Die oorgrote meerderheid van die persone wat in Suid-Afrika die doodstraf kry is nie-blankes en meeste van die misdade vind onder die nie-blankes self plaas. Die skrikwekkende misdaadsyfer is oor die algemeen direk toe te skryf aan die sosiale omstandighede waaronder meeste van dié mense in Suid-Afrika leef.

ARGUMENTE TEEN AFSKAFFING VAN DIE DOODSTRAF

- (i) Omdat die Bantoebevolking „nog in 'n toestand van babarisme verkeer”. Omdat die Bantoe minder eerbied vir die heiligheid van die menslike lewe het as die „beskaafde westerling”. Omdat die redes vir afskaffing elders nie hier toegepas kan word nie weens die „verskille van rasse en derhalwe van sosiale en ekonomiese omstandighede”. Bogenoemde is die bevindings van die Lansdowne-kommissie wat in 1947 deur die Suid-Afrikaanse regering aangestel is om strafreg- en gevangenhervorming te ondersoek. Die verslag bly nog steeds die enigste offisiële ondersoek wat nog ooit in Suid-Afrika ingestel is na die land se strafreginstelling en -beleid. Dit het die gevolgtrekking gehou dat die doodstraf nie afgeskaf moet word nie.
- (ii) Die argument wat meestal aangegee word ten gunste van die behoud van die doodstraf, is dat dit potensiële misdadigers weerhou. Weerhouding kan beskou word as die enigste redelike regverdiging vir die doodstraf. Dit is baseer op die veronderstelling dat die veroordeelde aan 'n klas van persoon behoort wie se gewete ernstig

afgestomp is en wat derhalwe slegs weerhou word deur vrees vir opsluiting of straf.

- (iii) Hierby sluit aan die begrip van versagtende omstandighede wat in 1935 ingestel is, waarby aan howe die reg verleen word om volgens diskresie die doodstraf toe te pas al dan nie, indien sulke omstandighede voorkom. Gevolglik maak die behoudingsargument aanspraak op die behoud van die weerhoudingsfaktor maar laat dit aan die hof se diskresie oor om dit te gebruik of nie.
- (iv) Nou verbonde aan die weerhoudingsargument is die begrip van opskorting. In die proses van rapporte, aanbevelings en studie ná elke doodstraf uitgespreek is kan 'n aanbeveling vir begenadiging gemaak word.

ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN AFSKAFFING

Die afskaffingsargumente is hoofsaaklik negatief, d.w.s. hulle opponeer die behoudingsargumente.

- (i) Die gevolgtrekkings van die Lansdowne-kommissie waarna verwys is, is hoogs betwisbaar volgens selfs 'n oppervlakkige ondersoek van die geskiedenis van blankes in Suid-Afrika, van verskynsels soos Nazi-Duitsland en van 'n studie van Bantoeskiedenis en -kultuur. Daar is ook 'n inherente weerspreking in die argument dat indien die Bantoe min eerbied vir die menslike lewe het, hulle afgeskrik sal word deur vrees vir doodstraf.
- 'n Afleiding wat van die Kommissie se argument gemaak kan word, is dat sommige mense inherent wreedaardig is. Hierdie argument wat dikwels aangewend word, ignoreer blykbaar dat wydverspreide misdaad in die eerste plek die gevolg is van sosio-ekonomiese faktore. In plaas van die grondoorsake te bestry, bemoei die argument homself slegs met simptome.
- Die rede vir die groot aantal van persone wat gehang word en die algemene onverskilligheid oor die toestand, moet noodwendig gesoek word in die land se sosiale struktuur.

- (ii) Die **Royal Commission on Capital Punishment** wat in Engeland die weg voorberei het vir die afskaffing van die doodstraf, het tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen aanduiding is dat die doodstraf enige wesentlike doel gedien het as 'n weerhoudingsfaktor teen moord nie.
- 'n Deeglike studie wat deur die Verenigde Volke uitgevoer is het daarenteen bewys dat alle beskikbare inligting blykbaar daarop dui dat afskaffing van die doodstraf nog nooit gevolg is deur 'n merkbare styging in die voorkoms van misdaad wat nie langer met die dood strafbaar is nie.
- (iii) Die argument ten gunste van versagtende omstandighede kan ook vertolk word as 'n argument teen weerhouding want die begrip self veronderstel 'n vermindering van die graad van misdadigheid. Dit kan gevolglik 'n vermindering van die weerhoudingsfaktor beteken veral soos voorgehou het tussen 1935 en 1946, waar 64 persent van die persone wat skuldig bevind is, versagtende omstandighede toegelaat is.
- (iv) Die begrip van opskorting is nie 'n argument ten gunste van die behoud van die doodstraf nie, aangesien daar 'n skerp daling in die persentasie opgeskorte vonnisse gedurende die afgelope 20 jaar voorgekom het.
- (v) Doodstraf laat geen ruimte vir menslike foutering nie. Gevolglik kan onskuldige mense tereggestel word. Sulke gevalle het al voorgekom. Die gestorwe slagoffers van juridiese foutering kan nie gekompenseer word nie.
